
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411 - Website address: www.stangerchristiancentre.co.za

Ons ontvang baie briewe, fakse en telefoon oproepe van Christene wat daagliks uiters moeilike omstandighede verduur. Mense wat elke oggend opstaan om onbeskryflike probleme in die gesig te staar – fisiese pyn, emosionele lyding, finansiële stryd. Sommige is so desperaat en weet nie wat om volgende te doen nie en sê: "Hierdie is te veel vir my om te hanteer, my probleme oorweldig my en ek het nie meer die krag om hulle te beveg nie – hoe sal ek dit ooit maak?" Die wonderlike waarheid is dat die Here elke aaklige ding wat ooit met die mensdom sou gebeur geweet het, ingeslote elke krisis en probleem wat ons vandag in die gesig staar en die Bybel sê vir ons dat Hy vir ons wil wys hoe om hulle almal te trotseer. As ons gehoorsaam is aan **nie** – dit is so eenvoudig. Die Here is almagtig en algenoegsaam en Hy is bewus van die sataniese vestings wat ons in die gesig staar. Hy ken elke strik, beproewing en versoeking wat na ons gegooi sal word en Hy beveel ons: **"Jy sal hulle NIE VREES nie!"** Die Here ken jou, Hy het jou gemaak en Hy het jou as Sy eie gekies! Hy het jou by jou naam geroep, net soos Hy met Sy geliefdes in die Ou Testament gedoen het. Ons lees in **Jes. 43 : 1 – 2: Maar nou, so sê die HERE, jou Skepper, O Jakob, en jou Formeerder, O Israel: Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos; Ek het jou by jou naam geroep; jy is myne! As jy deur die water gaan, is Ek by jou; en deur die riviere-hulle sal jou nie oorstroom nie; as jy deur vuur**

Jesus het vir Sy dissipels gesê dat dit noodsaaklik vir Hom was om hulle te verlaat, toe het Hy hulle verseker dat Sy vrede altyd met hulle sal wees. **Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie (Joh. 14: 27).**

Jy mag vra: "Maar wat moet ek doen? Hoe kan ek die Here se vrede en rus hê te midde van alles wat nou in my lewe aangaan?"

Die antwoord word gevind in God se woord aan Moses en Israel! Met 'n see voor hulle, 'n vyand agter hulle en geen plek vir hulle om heen te draai nie, beveel God hulle: **"....Wees nie bevrees nie, staan vas en aanskou die verlossing van die HERE wat Hy vandag vir julle sal bewerk .....**

HOU DIE BEGIN VAN JULLE VERTROUE ONWRIKBAAR VAS TOT DIE EINDE TOE -HEB. 3:14

Sy opdragte, sal ons nie net oorwinning in ons beproewinge hê nie, maar ons sal vind dat die Here getrou is om Sy beloftes te vervul.

Die eerste en vernaamste wanneer 'n ongeluk ons tref, is die Here se bevel aan ons OM NIE TE VREES nie! Wanneer moeilikheid ons tref, is ons heel eerste reaksie VREES, en vrees vernietig ons geloof in die Here se vermoë om vir ons te onderneem in die aanval wat ons in die gesig staar! **"Wees dan nie bevrees vir hulle nie..."(Deut. 7:18).** Vir Israel het **"hulle"** die groot, goed bewapende heiden nasies verteenwoordig wat hulle in die beloofde land moes trotseer. Vir ons vandag verteenwoordig **"hulle"** elke probleem, verknorsing en oorweldigende moeilikheid wat ons in die lewe teëkom. Waarom moet ons nie vrees nie? Eenvoudig omdat die Here ons beveel het **om gaan, sal jy jou nie skroei nie, en die vlam sal jou nie brand nie.**

Dawid het 'n innige verhouding met sy Here gehad en het deur baie moeilike en lewensgevaarlike omstandighede gegaan, Sy getrouheid in elke situasie ondervind en ook Sy krag en oorwinning in elke aanval van die vyand. Dawid kon met vertroue in Psalm 27: 1-3 sê: **Die HERE is my lig en my heil: vir wie sou ek vrees? Die HERE is die toevlug van my lewe: vir wie sou ek vervaard wees? As kwaaddoeners teen my nader kom om my vlees te eet- my teëstanders en my vyande, ja, myne- struikel hulle self en val. Al word 'n laer teen my opgeslaan, my hart sal nie vrees nie; al staan 'n oorlog teen my op, nogtans vertrou ek.**

Die HERE sal vir julle stry, en julle moet stil wees" (Exodus 14: 13-14).

Wat beteken die laaste gedeelte – "julle moet stil wees"? Dit beteken geen bekommernis meer, geen probeer om alles te probeer uitreken nie – en in plaas daarvan vertrou die Here om 'n weg vir jou te maak. Dit is wanneer Hy aan jou Sy woord van leiding gee, soos Hy aan Israel gegee het: **"... dat hulle moet wegtrek" (vers 15).**

Josua het ook onmoontlike vyande getrotseer. Hy en sy leër moes die hele nag deur na Gibeon marsjeer, waar hulle 'n massiewe militêre masjien van vyf konings wat bondgenote was moes aandurf. Toe Josua op die slagveld afgekyk het, het hy die vallei gesien wat vol van magtige rytuie en goed opgeleide soldate was: Al wat hy gehad het was 'n moeë bende van

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Hou die begin van julle vertroue ….)

onopgeleide troepe.

Op daardie oomblik moes 'n wolk van wanhoop Josua omvou het. Hy het waarskynlik gedink: "Here ons het dit beswaarlik tot hier gemaak – en nou moet ons teen hierdie sterk vyand veg. Asseblief, sê vir my – wat moet ons doen?"

Die Skrif sê: **"En die HERE het aan Josua gesê: Wees nie bevrees vir hulle nie, want Ek gee hulle in jou hand; niemand van hulle sal voor jou standhou nie" (Jos. 10:8).**

God het oorwinning uitgespreek selfs voordat Josua begin veg het. Hy het gesê: "Die oorwinning is reeds behaal! Nie een van hierdie vyandige soldate sal bly staan na die geveg nie. Gaan nou en veg, en weet dat ek aan jou die oorwinning beloof het."

Dit is die boodskap van die kruis! Jesus het reeds die oorwinning vir ons aan die kruis op Golgota behaal. Maak nie saak watter krisis ons ondervind nie, watter magtige moeilikhede voor ons lê nie, ons oorwinning is verseker: **"Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het" (Rom. 8:37).**

Beteken dit dat ons absoluut niks moet doen nie? Dat ons veronderstel is om by te staan en verwag dat God 'n engel moet stuur om al ons vyande dood te maak? Nee, glad nie! Selfs al het God ons oorwinning bekend gemaak, sal Hy nie ons deel vir ons doen nie.

Ons moet steeds 'n swaard opneem om die vyand te beveg – die Swaard van die Gees - die **Woord van die Here.** Die verskil is, ons moet dit doen in die geloof dat Hy belowe het om ons in staat te stel: **"Maar God sy dank, wat ons die oorwinning gee deur onse Here Jesus Christus" (1 Kor. 15:57).**

Die Here reageer op ons geloof. Wanneer ons Hom aanroep, antwoord Hy met bo-natuurlike krag om ons in die geveg te versterk. Ons deel is geloof – en dan om in die geloof te wandel dat die Here vir ons werk soos ons die bose mag wat teen ons kom weerstaan. Dit doen ons deur Sy Woord, deur geloof daarin en gehoorsaamheid daaraan.

Wanneer jy onder die aanval van die vyand kom is nog 'n belangrike bevel van die Here om te gehoorsaam, OM TE ONTHOU HOE HY AL JOU VYANDE IN DIE VERLEDE VERSLAAN HET!

Moses het Israel beveel: **"Wees dan nie bevrees vir hulle nie; dink gedurig aan wat die HERE jou God aan Farao en die hele Egipte gedoen het, …. die tekens en die wonders en die sterke hand en die uitgestrekte arm waardeur die HERE jou God jou uitgelei het; so sal die HERE jou God aan al die volke doen vir wie jy bevrees is" (Deut. 7: 18-19).**

Wat 'n kragtige boodskap! Moses het die Israeliete herinner: "Maak nie saak watter vyande julle trotseer, julle Here het julle oorwinning oor hulle almal beloof. Hy het julle vaders van Farao verlos en Hy sal vandag vir julle dieselfde doen!"

".....sodat jy al die dae van jou lewe die dag van jou uittog uit Egipte land in gedagtenis kan hou" (Deut. 16:3). "En jy moet daaraan dink dat jy 'n slaaf in Egipte was....." (verse 12).

Moses se bede vir die volk was: "Onthou die verlede! As julle dink dat julle 'n moeilike tyd hier in die wildernis het, dink aan al die angs wat julle in Egipte ondervind het. Moenie vergeet hoe die lewe was toe julle almal slawe was. En onthou alles wat die Here gedoen het om julle te verlos – om julle te red en julle van dit alles te heilig!"

"…Die HERE is my lig en my heil: vir wie sou ek vrees? Die HERE is die toevlug van my lewe: vir wie sou ek vervaard wees? As kwaaddoeners teen my nader kom om my vlees te eet- my teëstanders en my vyande, ja, myne- struikel hulle self en val. Al word 'n laer teen my opgeslaan, my hart sal nie vrees nie; al staan 'n oorlog teen my op, nogtans vertrou ek…"

Psalm 27: 1-3

Die profeet Jesaja het ook God se Woord gespreek tot 'n volk wat vol vrees was. Dit was 'n tyd toe Israel oortuig daarvan was dat die Here hulle verlaat het. Hulle het van vrees gebewe oor wat hul vyande aan hulle kon doen. Maar Jesaja het hulle verseker:

".....Wie is jy, dat jy bevrees is vir die mens wat moet sterwe, en vir die mensekind wat oorgegee word soos gras? - dat jy vergeet die HERE wat jou gemaak het, wat die hemel uitgesprei en die aarde gegrond het; dat jy gedurigdeur die hele dag bewe vir die grimmigheid van die verdrukker as hy dit daarop toelê om te verwoes? Waar is dan die grimmigheid van die verdrukker? (Jes. 51: 12 -13)

God het deur die profeet gesê: "Die rede waarom julle bang is, is omdat julle vergeet het wie Ek is. Julle kyk net na julle probleme, eerder as na My mag en vermoë om julle te bevry. Julle het vergeet dat My hand steeds op jul lewe is!"

Jy mag probleme hê om die Here se wonderwerke in jou lewe te onthou. Jy mag dink: "My lewe is een lang, harde nagmerrie. Ek het eenvoudig nie veel om my oor te verheug nie. Hoe kan ek Sy wonderwerke onthou as ek hulle nie ondervind het nie?"

Jy moet verstaan – ons ondervindings kan ons geloof inspireer, maar hulle is nie bedoel om die grondslag van ons geloof te wees nie. Dit is waarom die Bybel ons altyd wys na wat Jesus gedoen het. Ons moet Sy oorwinning aan die kruis vir ons onthou, en daaraan vashou deur geloof. Hy alleen gee aan ons oorwinning deur Sy Krag.

Die Here is volkome by magte om jou in 'n oogwink te verlos van jou ongunstige situasie! Onthou altyd dat Hy omstandighede oornag kan verander, - omstandighede wat vir maande en selfs jare kon bestaan het. Ons het getuienisse van jubelende vrouens, mans, ouers en grootouers, wat sê dat hulle vir jare vir hul man, vrou, seun, dogter, kleinkinders gebid het om verlos te word van alkohol, dwelms, seksuele perversie, egbreuk ens., en skielik een dag het hulle net opgehou met hulle verslaafde gewoonte – oornag! Die Here, in antwoord op die gebede van die regverdige, het hulle lewe volkome verander! Ons moet nooit ooit hoop opgee nie! Ons sien hierdie waarheid in die Bybel geïllustreer. Die Israeliete was vir 400 jaar slawe in Egipte en in een enkele nag het die Here hulle uit Satan se greep bevry en skielik was hulle oppad na die Beloofde Land! (Ex .13: 3-4). Nog 'n voorbeeld waarvan ons in die Bybel lees, is die belofte dat 'n nasie (Israel) in 'n dag gebore sou word. **Jes. 66: 8: Wie het so iets gehoor? Wie het sulke dinge gesien? Word 'n land op een enkele dag gebore? Of word 'n nasie met een slag gebaar? Want Sion het weë**

(Vervolg op Bl. 6)

THE TONGUE'S FIRE

For in many things we offend all. If any man offend not in word, the same *is* a perfect man, *and* able also to bridle the whole body. Behold, we put bits in the horses' mouths, that they may obey us; and we turn about their whole body. Behold also the ships, which though *they be* so great, and *are* driven of fierce winds, yet are they turned about with a very small helm, whithersoever the governor listeth. Even so the TONGUE is a little member, and boasteth great things. Behold, how great a matter a little fire kindleth! And the TONGUE *is* a fire, a world of iniquity: so is the TONGUE among our members, that it defileth the whole body, and setteth on fire the course of nature; and it is set on fire of hell. For every kind of beasts, and of birds, and of serpents, and of things in the sea, is tamed, and hath been tamed of mankind: But the TONGUE can no man tame; *it is* an unruly evil, full of deadly poison. Therewith bless we God, even the Father; and therewith curse we men, which are made after the similitude of God. Out of the same mouth proceedeth blessing and cursing. My brethren, these things ought not so to be. Doth a fountain send forth at the same place sweet *water* and bitter?

Can the fig tree, my brethren, bear olive berries? either a vine, figs? so *can* no fountain both yield salt water and fresh. (James 3:2-12)

Guard your tongue, the Lord says, because if you have wisdom, you will understand that your words have power. What you say can bless, encourage, unite and bring life, the Bible tells us, and yet that same mouth can wound, cause division, bring strife, and even kill.

In verse 9 of James chapter 3, the Lord reminds us that we use our tongues to "bless Him." Judaism teaches that the person that loves the Lord should find at least 100 reasons every day to bless Him. Those blessings begin with the phrase, "Blessed are you, O Lord, King of the Universe," then continues with thanksgiving and acknowledgment of who He is and what He has done for us: "who creates the fruit of the vine, brings forth bread from the earth, saved us and brought us to this moment and gave us His Word, our daily food, clothes, etc. The list is as infinite as the goodness of the Lord, but the concept is a simple one. The mouth was created as a vessel with which **to bless the Lord and those created in His image**. It was **NOT** intended for, and should **NEVER** be used in a negative manner for cursing!

The devil knows this, and that is why he works so hard at encouraging us to use our mouths and the words that proceed from them for destructive purposes, and not for what the Lord had intended when He created us to be able to speak and communicate! **WE** have the power of choice as to what we allow to come forth from our mouth, and yet we are ever ready to justify the verbal pollution that we so often spill forth, unaware of, or worse still, uncaring of the destruction we are in the process of bringing about! Whenever you speak evil of another, remember that three people are hurt in the process. Firstly, the person you are gossiping about is hurt, but the Bible teaches that you are actually also polluting and hurting YOURSELF when you carry tales about someone else. You defile yourself! Jesus said: **Not that which goeth into the mouth defileth a man; but that which cometh out of the mouth, this defileth a man. (Matt. 15:11)** You pollute your own thoughts by focusing on the evil, and you tarnish your image, as you become known as the one who spreads a bad report – a gossip or false witness. Finally, you hurt the person you tell by polluting their mind and their image of the other person, and you tempt them to continue the gossip and share this same evil report with others. Remember, three people are hurt, even if the evil report is true!

As Christians, we tend to think that the sins we need to deal with are drinking, stealing, adultery, lying, drugs, lust, cheating and the like, and so we should. But we never give a second thought to "gossiping" in the guise of "being a concerned Christian". When our conversation is full of judgments, rumours and hearsay all in the name of "concern" and for "prayer purposes", we are treading on dangerous ground! What does the Bible have to say about carrying tales and speaking out of turn?

Whoso secretly slanders his neighbour, him will I destroy: (Psa. 101:5)

The fear of the LORD *is* to hate evil: pride, and arrogancy, and the evil way, and the forward (perverted) **mouth, do I hate. (Prov. 8:13)**

These six *things* doth the LORD hate: yea, seven *are* an abomination unto Him: A proud look, a lying tongue, and hands that shed innocent blood, An heart that deviseth wicked imaginations, feet that be swift in running to mischief, A false witness *that* speaketh lies, and he that soweth discord among brethren. (Prov. 6:16-19)

These are strong words from the Lord and we should sit up and take stock of ourselves and what we say. Be slow to speak and think before spewing out accusations and hurtful judgments. Words can be so cruel, and we all know that they leave deep scares within! We must be careful not to inflict others with words spoken in haste that cannot be retracted. The poison goes forth and lingers!

Let no corrupt communication proceed out of your mouth, but that which is good to the use of edifying, that it may minister grace unto the

(Continued on page 4)

(Continued from page 3 - The Tongues Fire...)

hearers. Let all bitterness, and wrath, and anger, and clamour, and evil speaking, be put away from you, with all malice: (Eph 4:29 and 31)

But now ye also put off all these; anger, wrath, malice, blasphemy, filthy communication out of your mouth. (Col 3:8)

The Lord also speaks strongly against those who have nothing better to do with their time, than to run around carrying tales and gossiping. He says of them: **And withal they learn *to be* idle, wandering about from house to house; and not only idle, but tattlers also and busybodies, speaking things which they ought not. (1Tim. 5:13)** The Lord Jesus said to the judgmental, legalistic, religious, self righteous, pious Pharisees in **Matthew 12:34-37: O generation of vipers, how can ye, being evil, speak good things? for out of the abundance of the heart the mouth speaketh. A good man out of the good treasure of the heart bringeth forth good things: and an evil man out of the evil treasure bringeth forth evil things. But I say unto you, That every idle word that men shall speak, they shall give account thereof in the day of judgment. For by thy words thou shalt be justified, and by thy words thou shalt be condemned.** And one day you will give account before the Lord Jesus

LASHON HARAH – EVIL SPEAKING

The power of speech was recognised as critically important in the Judaism of the first century, and the rabbis taught at length on what is, even to the present, called *lashon harah* or evil speaking. It was a very serious crime, even punishable by death in some ancient circumstances, and remains so to this day. The main prohibition against *lashon hara* is derived from **Leviticus 19-16: *"You shall not go about as a talebearer among your people; nor shall you take a stand against the life of your neighbour: I am the LORD."***

The concept of *Lashon harah* is given in Numbers 12, where we read the story of Miriam's misfortune after speaking ill of her brother Moses and his Ethiopian wife. She is stricken with leprosy. Had it not been for the intervention of her brothers who cried out to God on her behalf, she most surely would have died a horrible death. As it was, she had to endure the agony and shame of the disease for seven days outside the camp before her healing was complete. Such was the gravity of *lashon harah* in the eyes of the Lord.

The rabbis taught that physical wounds would eventually heal, but those inflicted by the tongue may never do so. Further, damage done to a person's reputation was virtually incurable. No wonder Jesus told His followers in Matthew 5:22 that hell might well await the one who called his brother a fool. The laws of *lashon harah* not only prohibit gossip, but any kind of tale bearing. Not only should we refrain from speaking ill of one another or spreading evil lies, but we should resist the temptation to talk about each other at all. Something does not have to be a lie to make it gossip. Some of us may reason that because the information is true, I can tell as many as will listen! Not at all! Telling the truth with the wrong motive is often more destructive than telling a lie! We need to check our motive! The Word tells us: **The heart *is* deceitful above all *things,* and desperately wicked: who can know it? I the LORD search the heart, *I* try the reins, even to give every man according to his ways, *and* according to the fruit of his doings. (Jer 17:9-10)**

I once heard it said ; **" The definition of gossip is sharing anything about someone when the act of sharing it is not part of the solution to that person's problem."** And that's good to remember before we speak!

We read in **Philip. 4:8** : **Finally, brethren, whatsoever things are true, whatsoever things *are* honest, whatsoever things *are* just, whatsoever things *are* pure, whatsoever things *are* lovely, whatsoever things *are* of good report; if *there be* any virtue, and if *there be* any praise, think on these things.**

The Bible teaches in **Matt.18:15: Moreover if thy brother shall trespass against thee, go and tell him his fault between thee and him alone: if he shall hear thee, thou hast gained thy brother.** Christians seem to find this instruction of the Lord difficult to do. It may be because we are commanded by the Lord to always **"speak the truth in love",** and when someone has sinned (whether it be against us or someone else) we so easily take offense, that we battle in the area of love and forgiveness. The problem is that we choose to quickly run to someone else with "the news", and really, what can that third party do about it anyway? Not only is this option not a solution, but the "bad report" just gathers momentum and spreads like wild fire – polluting many in its wake! We need to go directly to the instigator of the problem and, in **humility and in love,** deal with the issue, personally. Then, when the problem is resolved in the Lord's way, it hasn't involved others who may still have resentment harboured in their heart towards the perpetrator, long after you two have made up! The devil just loves sowing discord and fanning the flames of strife and hate – that's his nature, and we must be wise and not fall into his trap! We read in **Gal 6:1: Brethren, if a man be overtaken in a fault, ye which are spiritual, restore such a one in the spirit of meekness; considering thyself, lest thou also be tempted.** We never know when we might need the understanding, forgiveness and mercy ourselves one day! **Matt. 5:7: Blessed *are* the merciful: for they shall obtain mercy.**

Have you ever noticed how heavy and downright unclean you feel after you have spent some time in the

(Continued on page 8)



Ons God van wonderwerke

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Liewe Dr James en Personeel van die sentrum,

Na ‘n hele paar jaar van nie meer die ontvangs van Geloof in die Woord nie, het ek die gemis daarvan in my lewe gewaar, Dit was vir my ‘n bron van geestelike voeding wat my vir baie jare in God se werk laat stand hou het om in gees en waarheid God te dien en na Sy vrede en liefde te soek om in Sy gesindheid met my naaste en medegelowiges te lewe. Ek gewaar hoe langer in Sy liefde hoe wreder die aanvalle van Satan teenoor my. Ek het in 1979 my hart aan Jesus ons Here en Saligmaker en Verlosser gegee en tot hier waar ek aan u skryf het Hy in Sy wonderlike liefde my gedra en beskerm. Soms was dit moeilik maar met die hulp van die bemoediging in Geloof in die Woord het my Heiland en Meester my bewaar. Ek verlang om in Gees en Waarheid Sy kind te wees saam met my huis. Hy het my as Sy kind baie wonderlike ervaring laat beleef. Dankie Here Jesus. Dit was net U Here. Ek roep tot u Dr James en span. Bid vir my om te volhard tot Hy kom haal om Sy kind tot Sy eer te wees. Laat ek glo Sy Hemelse seën is ook my huis sinne van Jesus my voorspraak by God die Vader! Na baie jare kyk en geniet ek weer die skrywe van tot 2002. Dankie daarvoor. Ek sal weer van die voeding wil ontvang tot die verheerliking van Sy Heilige Naam en uitbreiding van God se Koninkryk. Baie groete en dankie vir die gebede vir ek en my huis vrou en kinders. Liefde van u medebroeder in Christus.

Br. Natie Ockhuys, Calvinia

Goeie Middag Dr,
Verlede jaar het ek voorbidding gevra vir Jan van Zyl. Hy het beenmurg kanker gehad en die dokters het vir hom gesê sy kans op genesing was maar skraal. Voor hy hospitaal toe is het hy alles met sy gesin in orde gekry want hy het gedink dit is verby. Maar Prys die Here hy lewe en met sy laaste toets in die jaar het hy skoon getoets!!! Wonderlike om so ‘n groot God te dien. Baie, baie dankie

John van Rensburg, Dunee

Dr van Zyl graag wil ek u en u span vra om saam met ons dankie te sê vir ons Hemelse Vader. My man Glenn was by die dokter, die gewas wat hulle in sy gesig verwyder het was ‘n kanker gewassie, maar volgens die toetse is alles verwyder en die plek genees mooi. Baie dankie vir al julle gebede en liefde die Here seën julle in julle wonderlike werk!! Liefde

Mev A Gamble, Hoedspruit

My God sal elke behoefte van julle vervul. Ek loof en prys Sy Lieflike Naam, want Hy het Hom so kragtig aan my geopenbaar. Die pyn en smart wat ek moes verduur deur die duiwel se aanvalle het Hy in een oomblik weg geneem. Ek was op die 9de Maart by die ortopeed hier op Pretoria en hy het my verseker dat hy absoluut niks verkeerd kry nie. Ek het hom vertel dat ek vir my laat bid het en dat ek kom sodat hy dit kan bevestig, want die ou koortjie sê: Jesus kan alles doen!”

Joey Pretorius, Pretoria

Ek het vir julle geskryf om vir my oom met prostaat kanker te bid. Met die eerste diagnose was sy PSA 101,00 en Woensdag die 10 de Maart moes hy gegaan het vir ‘n opvolg toets en dit was 1,21 is dit nie wonderlik. Dank onse Vader daarvoor!

Mev P van Rensburg, Namibia

Ek wil net sê baie dankie dat julle saam gestaan het in gebed toe ek skielik uit die bloute toe ek in die nag opstaan omgeval het,, en gladnie op my voete kon staan nie. Die dokter het my toe die Woensdag ondersoek, my suiker getoets wat abnormaal laag was, en ek nog nooit in al my 66 lewensjare hoë bloeddruk gehad, en skielik was dit baie hoog. Ek het u meer geskakel en u het die volgende oggend gebid. Ek was sederdien terug dokter toe. My bloed suiker is perfek, bloeddruk, perfek, E.K.G. hart perfek, bloed, perfek. Ek moes weer terug vir ‘n opvolg ondersoek. Alles is perfek. Ek gee God al die lof en die eer!! Sal Hy enige iets sê en dit nie doen nie. Liefde

Mev S Jantjies, Krugersdorp

Groete in die Naam van Jesus! Dit is met groot dankbaarheid dat aan u kan skryf om te sê dat die Here my werklik aangeraak het nadat ek die sentrum geskakel het vir gebed. Sowat drie jaar gelede het ek in die hospitaal beland met akute middeloorontstekking en daarna het dit feitlik elke maand tot elke 4 weke teruggekom en ek was gedurig dronk in die kop en van balans af. Dit is werklik ‘n aaklige probleem om te hê. Sedert julle saam met my gebid het, het ek nog nie weer ‘n werklike aanval gehad nie en ek is die Here innig dankbaar en ook aan u en u span medewerkers. Ek wens julle toe die seën van die Here vir julle harde werk vir die Here en vir julle getrouheid. Groete en seënwense

M Fourie, Bethlehem

(Vervolg vanaf 2 - Hou die begin van julle vertroue ..)

gekry, meteens haar kinders gebaar. Ons weet dat dit presies is wat op die 14de Mei 1948 gebeur het toe Israel weereens 'n Nasie geword het. Dieselfde het gebeur toe Jerusalem weereens onder die beheer van die Israelies gekom het in die ses daagse oorlog in 1967. Die Here het daardie spesifieke belofte in Sy Woord vervul. En op dieselfde manier kan ons Hom vertrou om getrou te wees aan al Sy beloftes, as ons geloof het om te glo dat Hy dit in Sy tyd sal doen, en as ons met verwagting op dit wag. Jou antwoord kan selfs in 'n dag kom, en vandag kan daardie dag wees! Hy is getrou wat dit beloof het! Die vroutjie waarvan ons in **Luk. 13: 16** lees, was in een dag bevry, nadat sy vir agtien jaar deur Satan aangetas was. **Maar hierdie vrou wat 'n dogter van Abraham is, wat die Satan-dink daaraan! -agttien jaar lank gebind het, moes sy nie van hierdie band op die Sabbatdag verlos word nie?**

Maar daar is een ongelooflike wonderwerk wat jy nie kan vergeet nie. Dit is Jesus se belofte aan al Sy volgelinge: "Ek sal jou nie as 'n wees agterlaat nie. Ek het 'n prys vir jou betaal – en jy is Myne!" Maak nie saak waardeur jy gaan nie, Hy het nie een keer enige gedagte van jou prysgegee nie – en Hy sal nooit nie. Luister na Sy ewige, onbreekbare belofte:

"Maar Sion sê: Die HERE het my verlaat, en die Here het my vergeet! Kan 'n vrou haar suigling vergeet, dat sy haar nie ontferm oor die seun van haar skoot nie? Ofskoon hulle sou vergeet, nogtans sal Ek jou nie vergeet nie! Kyk, Ek het jou in die handpalms gegraveer; jou mure is gedurig voor My" (Jes. 49: 14-16).

Die skrif vertel ons: " Jou behoefte aan beskerming is altyd voor My oë. Daar is nooit 'n oomblik wanneer Ek onbesorg is om My bonatuurlike mure veilig rondom jou te hou as jy aan My gehoorsaam is nie. My beskermende heining is altyd **reddende regterhand. Kyk, hulle almal sal beskaamd staan en in die skande kom wat op jou toornig is; hulle sal word soos niks, en jou teëparty sal omkom. Jy sal hulle soek, maar hulle nie vind nie-die manne wat met jou twis; hulle sal word soos niks en soos 'n nietige ding -die manne wat teen jou oorlog voer. Want Ek, die HERE jou God, gryp jou regterhand aan, Ek wat vir jou sê: Wees nie bevrees nie, Ek help jou..... Die ellendiges en behoeftiges soek water, maar daar is nie; hulle tong verdroog van dors; Ek, die HERE, sal hulle verhoor; Ek, die God van Israel, sal hulle nie verlaat nie. (Jes. 41: 10- 13, 17).**

Jy kan dit maak en die oorwinning in enige situasie, krisis of ramp verkry – alles deur die genade van Jesus Christus en die voorsiening wat Hy gemaak het. Maak nie saak wat na jou kant toe kom nie, Hy het meer as genoeg genade en krag om jou in staat te

"...Dit is waarom die Bybel ons altyd wys na wat Jesus gedoen het. Ons moet Sy oorwinning aan die kruis vir ons onthou, en daaraan vashou deur geloof. Hy alleen gee aan ons oorwinning deur Sy Krag..."

Dieselfde is waar van die vrou met bloedvloeiing van wie ons lees in Mark. hoofstuk 5. Sy het vir twaalf jaar aan die probleem gely, en het haar geloof in Jesus behou om haar te genees. Toe EEN DAG, het sy die soom van Sy kleed aangeraak en was onmiddellik genees! Jesus het vir haar gesê: "jou geloof het jou gered!" (Mark. 5: 25-34). Nadat sy vir twaalf jaar gely het, was sy skielik en onmiddellik genees. Sy het nooit hoop opgegee nie, en jy moet ook nie!

Begin elke dag met daardie hoop en kennis van Sy getrouheid in jou hart, wag ywerig op Sy ingryping in jou bepaalde situasie, of dit 'n week, 'n maand of 'n jaar neem, met altyd die gedagte dat vandag die dag kan wees. Jou vertroue in Hom sal nooit beskaam nie, en totdat jy verlossing in jou uur van nood ontvang, onthou dat Sy genade altyd genoeg is.

Jesus Christus het vir Sy dissipels gesê: **"En nou gaan Ek na Hom wat My gestuur het .... Ek sal julle nie as wese agterlaat nie ...." (Joh. 16:5, 14:18).** Met tye mag jy voel soos die dissipels later gevoel het – dat jy heeltemal alleen is, en dat die Here nie om jou onthalwe optree nie. Jy sien geen bewys van Sy sorg nie. En Satan lieg vir jou dat jy verlaat is, of maar vir 'n seisoen.

daar as jy in My weë wandel volgens My Woord!" Sy seëninge word uitgestort op hulle wat Hom lief genoeg het om Sy gebooie te onderhou en Sy voorwaardes in Sy Woord (Deut. 28: 1-28).

Die Here wil hê dat ons moet weet dat Sy **genade** sterker is as enige **verlossing** wat Hy na ons omstandighede mag bring. Waarom? Omdat Sy genade die volle openbaring bevat van wie Hy is! Eenvoudig gestel, die Here se genade is Jesus Christus ten volle geopenbaar – in alle heiligheid, tog met 'n liefdevolle, teer, medelydende hart.

Ons Here sien elke deel van ons lyding. En Hy maak hierdie wonderlike beloftes aan ons:

Maar die hulp van die regverdiges is van die HERE, hulle toevlug in tyd van benoudheid (Psalm 37:39).

".....Hy het gesê: Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie. Daarom kan ons met alle vrymoedigheid sê: Die Here is vir my 'n Helper, en ek sal nie vrees nie; wat sal 'n mens aan my doen?" (Heb. 13: 5-6)

Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my stel om te oorwin. Sy Woord en Sy beloftes is vir ewig in die Hemel vasgestel en is ewig! Halleluja! **Want ons het deelgenote van Christus geword, as ons net die begin van ons vertroue tot die einde toe onwrikbaar vashou (Heb. 3:14).** □



uit **Dr James** se kantoor

Ons ontvang meer en meer briewe en telefoonoproepe van mense wat die Here se hulp wanhopig soek met oorweldigende probleme en beproewinge wat hulle ondervind. Tye is op die oomblik moeilik en alhoewel baie mense na die Here draai as gevolg van hierdie aanvalle op hul lewens – en dit is 'n goeie ding – is die werklikheid vir hulle daar om met hulle verlammende situasie op 'n daaglikse basis te deel. Ons weet, as gelowiges in die Here Jesus Christus, dat niks vir Hom onmoontlik is nie as ons net Sy Woord glo en standvastig op Sy beloftes staan, maar dit is in tye soos hierdie dat dit nodig is om ook onsself aanhoudend te herinner aan Sy **oppermagtige krag** en **almag!** Hy is ALTYD in beheer. Wanneer jy onder 'n aanval van die vyand is en 'n nuwe aanval ondervind, of dit sieke, verhouding en huweliksprobleme is of finansiële en materiële behoeftes, moet jy die verstommende getrouheid van die Here in al jou beproewinge van die verlede **onthou.** Hoe Hy toe vir jou deur gedra het! Onthou hoe Hy vir jou onderneem het toe jy hopeloos en hulpeloos in die situasies van die verlede gevoel het, toe jy na Hom in jou groot behoefte gedraai het en Hy ingegryp het en jou die oorwinning gegee het. Ons geheues is so kort en in tye van nuwe probleme, is ons geneig om die wonderwerke wat Hy van te vore vir ons gedoen het te vergeet en dink dat die nuwe probleem miskien 'n bietjie te moeilik vir die Here is om te hanteer! Laat ek jou verseker dat dit glad nie die geval is nie! Jy moet krag put uit die wete dat die Here nie verander het nie en dat dit wat Hy vir jou in die verlede gedoen het, Hy steeds by magte is om vir jou vandag te doen – en groter! **Heb. 13: 8 sê Jesus is dieselfde gister, vandag en tot in ewigheid,** en ons lees in **Mal. 3:6 : Want Ek, die Here, het nie verander nie!**

Daar is egter tye wanneer die Here vir ons sê om dit wat agter ons is te VERGEET, sodat ons in Hom aan kan beweeg. Paulus sê in **Fil. 3: 13-14: Broeders, ek reken nie dat ek dit self gegryp het nie. Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus.** Dit is noodsaaklik dat ons 'n visioen vir die toekoms moet hê en onsself nie toelaat om vas te val in die sorge van hierdie wêreld en die beproewinge wat oor ons kom gedurende die aanvalle van die vyand nie! So baie mense ly aan depressie en sien geen weg om daaruit te kom nie. Maar daar IS hoop, ons KAN oorwin deur Jesus Christus, maak nie saak wat die krisis is nie. Ons moet VOORUITBEUR omdat die Here ons geloof sal eer in Sy vermoë om ons die oorwinning te gee in alle omstandighede, en ons vasberadenheid om standvastig in Hom te staan totdat die oorwinning manifesteer. Wat om te doen in 'n tyd van uiterste moeilikheid? Die basis is dit:

Glo jy werklik dat my Here Jesus altyd was, altyd is en altyd sal wees?

As ek glo dat Hy altyd was, altyd is en altyd sal wees, dan moet ek glo dat niks vir Hom onmoontlik is nie.

As ek glo dat Hy waarlik Here van Alles is, dan sal Hy die onmoontlike doen. Ek moet glo dat Hy alles is wat Hy aanspraak op maak: Koning van die Konings, my Herder, my skuilplek, my Bewaarder, my sterkte, my Geneser, my Verlosser, my alles in alles. Ek moet glo dat Hy vir my sal doen wat onmoontlik lyk in my tye van moeilikheid.

Ek spoor julle aan om vas te hou aan julle vertroue. **Heb. 10 :35-39: Werp dan julle vrymoedigheid, wat 'n groot beloning het, nie weg nie. Want julle het lydsaamheid nodig, om, nadat julle die wil van God gedoen het, die belofte te verkry. Want nog 'n klein tydjie, en Hy wat kom, sal kom en nie versuim nie. Maar die regverdige sal uit die geloof lewe; en as hy hom onttrek, het my siel geen welbehae in hom nie. Maar by ons is daar geen onttrekking tot verderf nie, maar geloof tot behoud van die lewe.**

Heb. 3:14: Want ons het deelgenote van Christus geword, as ons net die begin van ons vertroue tot die einde toe onwrikbaar vashou.

Baie wat hier lees mag dink dat Dr. James van Zyl nie die dinge ondervind het wat ons deurmaak nie. Maar ek kan julle verseker dat ek deur so baie beproewinge en verdrukkinge gegaan het, wat die vyand teen my gebring het, en dit is waarom ek met vertroue en oortuiging kan skryf as gevolg van baie, baie jare se ondervinding van die goeie stryd te stry en te sien dat die Here die oorwinning gee in elke situasie selfs in hierdie dae. Soos Paulus, aan wie Jesus gesê het: " Ek sal aan hom toon hoeveel hy vir My naam sal ly." Paulus het verseker gely, nie aan sieke nie, maar uiterste vervolging vir die Evangelie se onthalwe en die Here se genade was altyd genoeg vir hom. Ek kan julle verseker dat Sy genade en Sy krag nog altyd genoeg vir my is en sal vir julle ook wees.

Ons tyd op aarde is kort en sal verby gaan en elkeen van ons sal eendag voor die Here staan. Ek wil nie voor Hom ontnugter, vreesbevange en in ongeloof staan nie. Al wat ek nou na Hom kan bring is my geloof, my onwrikbare vertroue in Sy reddende krag. Ek begeer om die goeie geveg van geloof te veg tot daardie dag, en ek is seker dat jy ook dieselfde wil doen.

Ons wil julle bedank vir julle getroue ondersteuning van die bediening wat uit gaan vanaf die Stanger Christelike Sentrum, wat ons in staat stel om na die verlorenes en seer gemaaktes uit te reik vir Jesus Christus. Mag die Here julle oorvloedig seën vir die tyd wat julle in gebed bestee vir ons en vir die omhoog hou van ons arms op elke moontlike manier, wat aan ons die platvorm bied om die Goeie Nuus te versprei – die lewegewende Evangelie van ons Here Jesus Christus.

Die Here seën julle ryklik,
Liefdegroete

Dr James

(Continued from page 4 - By his wounds we are healed...)

company of someone who has been criticizing and running down everyone they know? You will feel that way, because during that time, you have been exposed to pollution and defilement. There is no such thing as "just listening" to gossip without being a party to it. **Proverbs 17:4** says that**: A wicked doer giveth heed to false lips; *and* a liar giveth ear to a naughty tongue.** We are warned in the Word of the Lord not to keep company with gossips. **He that goeth about *as* a talebearer revealeth secrets: therefore meddle not with him that flattereth with his lips. (Prov. 20:19)**

We need also to take heed of the warning we read in: **Proverbs 6:2: Thou art snared with the words of thy mouth, thou art taken with the words of thy mouth.**

The bottom line is the truth we read in James **1:26: If any man among you seem to be religious, AND BRIDLETH NOT HIS TONGUE, BUT DECEIVETH HIS OWN HEART, this man's religion *is* vain.**

Gossip and slander are Satan's tools used so that he can divide us and get us fighting among ourselves, because when he succeeds in doing this, we will not join forces and fight him! We need to stop and think before we speak and purpose in our hearts never to receive or repeat gossip again! We can do it by the grace of the Lord and through making the right choices. Let us repent of being guilty of this sin which is an abomination to the Lord, because we need to be free of all bitterness and resentment, when Jesus returns! Hallelujah! ☐

Neem kennis

Die volgende boeke wat ek oor die afgelope 18 maande geskryf het bevat die versamelde boodskap van die ±140 boeke wat oor die laaste 30 jaar geskryf is.

Nuwe Boeke

M72A - Die Mens se Wysheid is Dwaasheid met God
M72 - Man's Wisdom is Foolishness with God
M47 - What is the Name of our God?
M77 - Wat is die Naam van ons God?
M75 - What is Real Faith?
M70 - Are you Ready?
M73 - Divine Wisdom for Man
M73A – Goddelike wysheid vir die mens
M76 - Bybelse Geloof triomfeer altyd oor die vyand se aanvalle
M74 - Israel or Ishmael
R8.00 elk

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

Spesiale woord van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word. Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.